

## 9 Maart

**Skrifgedeelte: Matteus 13:31-33**

**Fokusgedeelte: Matteus 13:31, 32**

### **Groot krag in 'n klein begin**

In hierdie gelykenis van die mostertsaadjie wys die Here ons daarop dat 'n geringe begin uitloop op 'n groot en effektiewe saak. Maar daar is 'n voorwaarde aan verbonde! Soos wat 'n klein mostertsaadjie reeds al die eienskappe van die mostertplant in hom dra, moet elke begin enduit die regte eienskappe dra.

God se groot ewigheidswerk op aarde begin klein in 'n krip in Betlehem, die Saad van die moederbelofte in Genesis 3:15 wat uit die mens (Eva) voortgekom het. God se saad loop uit op die geweldige ewige koninkryk van God – waarvan ons burgers is. Die duiwel se saad bring onkruid, en die dood voort. God se saad, bring ewige lewe, vrede en vreugde voort.

Klein voor God – klein omdat jy jou sonde en swakheid raaksien, en die grootheid van God raaksien, en getrou bly aan jou wesenskenmerk – om soos 'n kind van God te lewe – jy dra reeds die geweldige ewige lewe in jou soos 'n mostertsaadjie. Elke woordjie in die opvoeding van jou kind, elke trooswoord, elke huisgodsdien in die klein kring van die huisgesin, lei tot stewige pilare in God se koninkryk. Elke gebed klein voor God op jou knieë – bring groot vrede.

Wees geduldig, glo, bid en werk, want wat God begin het, kan nie en sal nie misluk nie. Hy sal dit voorspoedig uitvoer! Die min getalle in die Gereformeerde Kerke, jou eie kleinheid, is nooit rede tot moedeloosheid nie, maar 'n aansporing tot kragtige groei deur die werk van die Heilige Gees.

*Sing: Psalm 37:3, 9 (1936)*

*Ds HJ Briel (Petrusburg/Boshof)*

